









**VRYDAG**
24 November 2023
Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

oh!sixseven
central northern areas



Die Springbok Duane Vermeulen (links) langs Cha'risse van Wyk en haar pa Roelof, haar broer Jean'Ru , haar ma Charmain, haar suster Rozanne en die sanger Appel (heel regs). FOTO VERSKAF.

# Bok-tokse vir Cha'risse

**As jy graag jou hande op die nommer 13-rugbytokse van die Springbok Duane Vermeulen wil hê, is hierdie jou kans om dit vir 'n goeie doel te koop.**

Die 37-jarige Duane, wat onlangs die laaste keer as nommer 8 vir die Suid-Afrikaanse rugbyspan uitgedraf het toe hulle die wêreldbeker gewen het, het sy rugbytokse geskenk sodat dit ten bate van Grootfontein se Cha'risse van Wyk opgeveil kan word. Al die geld gaan vir Cha'risse, die 13-

Na bladsy 2

## As die gogga byt

Otjiwarongo se gogga-boer, Danou van Rensburg, boer met drie verskillende soorte kakkerlakke, meelwurms, superwurms, krieke, vlieë asook rooi erdwurms.

En nee, hy kan nie voorbly met die vraag daarna nie – soveel so dat hy kliënte soms moet vra om hom meer tyd te gee.

"Die insekte word meestal gekoop om vir ander diere te voer," verduidelik Danou. Hy sê van sy grootste kliënte kom uit die bewaringsbedryf waar daar byvoorbeeld wilde diere soos voëls, ystervarke of meerkatte gevoer moet word.

"Van die mense wat voëls ring koop superwurms by my. Dit lok die voëls tot waar hulle in 'n sekere toestel gevang kan word. Dan sit hulle 'n ringetjie vir die voëls aan voor hulle dit weer

Na bladsy 5



# 'N PASSIE VIR PERDE



**"As jy al ooit teen 'n perd se nek gestaan en sy reuk ingeasem het, sal jy weet waarvan ek praat."**
**- Megan Wise, Chahanic Equestrian Centre.**

"Perde is my passie! Dit maak nie saak wat ek doen of waar ek is nie, daar moet 'n perd naby my wees want hulle hou my kalm, leer my geduld en forseer my om my stres eenkant te sit."

So gesels Megan Wise, 'n bekende in Namibiese perdrykringe wat haar opleiding in dressuur en springklasse van die beste in die bedryf ontvang het en nou ander oplei.

Sy en haar lewensmaat Chanté Nell is bekend daarvoor dat hulle perdrykampe tydens die winter- en somervakansies vir skoolkinders en tieners naby Grootfontein onder die naam Chahanic Equestrian Centre's Horse Adventure Camps aanbied.

## Kampe

'n Summer Pony Camp word juis van 8 tot 11 Desember aangebied, gevolg deur 'n Extreme Safari-perdrykamp vanaf 14 tot 17 Desember vir jong ruiters.

"Die Pony Camp Edition is vir ruiters van enige vlak – hier kan jy leer perdry. Die kamp sluit daaglikse perdrylesse in – volgens elkeen se vlak, teorie en praktiese lesse, uithouritte in die veld tussen wilde diere, plaas- en kamp-aktiwiteite, swem, kuns en kunsvlyt asook 'n 'perdeskou' vir die ouers op die laaste dag," verduidelik sy. Die Safari Edition is vir kinders en tieners wat reeds goed kan perdry.

"Ons kamp op verskillende plase, doen lang uithouritte in die veld tussen wilde diere, verskeie plaas- en kamp aktiwiteite, swem asook 'n skattejag op perde," sê Megan.

## Kinders leer my

"Die kinders herinner my om vertroue in my perde te hê. Daar is niks so mooi soos 'n kind wat 'n band met 'n perd gevorm het en dit ten volle vertrou nie. Om te sien hoe so 'n groot, sterk dier gehoorsaam is aan die klein mensie op sy rug wie se bene skaars verby die saal kom, is onbeskryflik mooi.

"Die kinders herinner my dat wanneer jy jou vertroue in die perd stel, sal hy enigiets vir jou doen," sê sy. Boonop is perdry baie goeie oefening wat balans, postuur en spiertonus ontwikkel.

Perde leer kinders geduld, fokus, dissipline, respek en liefde vir diere. En perdry is baie lekker!" Megan het self in die perdespring- en dressuurwêreld leer perdry onder die beste afrigters in die land geleer.

"Ek glo in die terapeutiese en kalmerende uitwerking wat

Vanaf bladsy 1

jarige Grootfonteinertjie wat aan bloed- en beenmurgkanker ly en wie se mediese behandeling meer as N$40 000 per maand kos.

Die nuus kom nadat Duane en Appel, die Suid-Afrikaanse sanger wat bekend is vir treffers soos "Foute" en "Nonna", onlangs in die Noorde gekuier het .

Appel het in 'n video 'n beroep op mense se ondersteuning gemaak om die Van Wyk-familie te ondersteun.

Beide Appel en Duane het elkeen op 'n skoen geteken .

Meer inligting oor die veiling sal binnekort bekendgemaak word.

Kontak Charmain van Wyk by 081 375 8142 vir navrae.

Die bankrekening vir bydraes:
Cha'risse van Wyk,
Bank Windhoek
Grootfontein,
Rek. nr. 803 577 0278.






perde op mense het," sê Megan. "As jy al ooit teen 'n perd se nek gestaan en sy reuk ingeasem het, sal jy weet waarvan ek praat."

### Johannesburg tot Grootfontein

Megan, wat in Windhoek grootgeword het, het haar springperd saamgeneem toe sy naderhand in Johannesburg gaan swot het.

Sy het die perd in Sandton by Byerly Park, 'n ryskool en stalwerf, aangehou waar sy ook lesse by gesogte afrigters soos Martin Minett, Rogan Asken, Mirja Horsthempke en Tessa Hellman gekry het.

Dit was hier waar sy een Saterdag vir 'n ander afrigter moes instaan en so goed gedoen het dat sy vir privaatlesse genader is.

Die volgende jaar is drie van haar leerlinge vir die Gauteng Interskole-span vir perdespring en equitation gekies.

Terug in Namibië het haar padjie eindelik tot in Grootfontein gelei, waar sy tans weekliks meer as 25 studente afrig.


"Ons fokus grotendeels op uithourit en perdeskou, maar die werk wat ons in die lesse doen kom van my dressuur- en spring-agtergrond.

Ek glo dat 'n ruiter se dissipline, styl en gevoel vir die perd baie belangrik is in alle soorte perdesport."

Megan is nog lank nie klaar met haar eie loopbaan nie - sy werk tans aan 'n eie uithourit-loopbaan onder instruksie van Chanté en oom Hennie Coetzer. "Ek hoop om in 2025 die Fauresmith 200 te gaan ry," sê sy.















Die "gogga-boer", Danou van Rensburg en sy vrou Juanita. FOTO VERSKAF.





Vanaf bladsy 1

laat gaan," verduidelik hy.
Die rooi erdwurms, ook plaaslik bekend as die kariba-wurm, word gebruik om kompos en kompostee mee te maak.

### Vlieë

Danou boer ook met soldaatvlieë (black soldier fly), wat oraloor die wêreld as 'n voer vir diere soos hoenders en varke benut word.
Hy sê die vlieg het 'n lewensduur van sowat 35 dae. In die larwe-fase word die vlieg gedroog voor dit aan sy hoenders gevoer word.
"Dit word byvoorbeeld in Asië en hoër op in Afrika hiervoor benut. Die vlieg het 'n uitstekende voeromset en het 'n baie hoër proteïen-inhoud as byvoorbeeld mielies," het Danou verduidelik.
Hy sê alhoewel hy self nog nie so suksesvol is met dié boerdery nie, is hy daarvan oortuig dat veral die vlieg 'n 'game changer' vir Namibië kan wees.
"Enige persoon kan met hom boer en die insek kan gemors neem – afvalkos – en dit in iets bruikbaar omskep," meen hy.

### Erdwurms

Danou, wat al lank reeds met erdwurms boer, sê dit het vir hom reeds goeie geld verdien.
"Ek het 'n droom vir permakultuur, waar verskeie organismes soos perde, mielies en wurms deel van 'n sirkel vorm en elke deel daarvan lewer iets waardevols. Dit is waarnatoe ek wil werk."
Hy sê sy oupa het reeds met rooiwurms en meelwurms geboer en dat hy seker is dat al die nuwe soort insekte ook sy belangstelling sou prikkel.
"Die ding daarvan om met insekte te boer is dat jy nou met 'n duisend kan begin en oor vier maande het jy 'n 100 000 van hulle."
Danou sê daar is beslis 'n mark vir insekboere – soveel so dat hy nie altyd genoeg kan produseer as wat daar 'n vraag voor is nie.
"Soms moet ek vir kliënte vra om my eers 'n bietjie kans te gee," sê hy.
Vir meer inligting kan belangstellendes Danou se Facebook-blad genaamd The Food Forest besoek of hom by 081 036 7904 kontak.







OUPA DOLF SE
Fybrit
GUNSTELINGE

# KERSFEESPRYSE
## 24 NOVEMBER - 14 DESEMBER

STEAK – N$100 (1 kg)

SALAMI – N$180 (1 kg)

MAALVLEIS – N$80 (1 kg)

KASEGRILLER – N$150 (1 kg)

BENEVLEIS – N$35 (1 kg)

**BESTEL BY 081 7373 235**

AGrid
Cars & Rentals
"experience namibia..."

## Black Friday Special!

Get 10% off if you book 3 days or more!

- Book now, use before 31/12/2023
- Offer valid from 24 to 30 November 2023
- Terms & conditions apply

LIMITED OFFER

10% off

Otjiwarongo - Tsumeb - Ongwediva - Mariental

www.agridcarsandrentals.com 264 67 30 4053 info@agridcarsandrentals.com/ reservations@agridcarsandrentals.com

## Lepen-familie stof internasionale inskrywings by heuningskou uit

Otjiwarongo het klaarblyklik van die lekkerste heuning ter wêreld! So het die Lepen-familie bewys - Oupa Kiep en Ouma Suzanne, Pa Johan, Ma Liesl en hul seun Josua - toe hul heuning 'n gesogde tweede plek by die "National Honey Show", in Engeland behaal het.




Die heuningskou, wat vanaf 26 tot 28 Oktober by die Sandown Park-renbaan in Londen plaasgevind het, is 'n samekoms van byeboere regoor die wêreld om die kuns en wetenskap van byeboerderye te vier.

Ten spyte daarvan dat die Lepen-familie nog maar nuut in die bedryf is, het hulle die strawwe kompetisie die hoof gebied.

"Wow! Wat 'n ongelooflike ondervinding," het hulle in 'n brief geskryf. Min het ons geweet wat voorlê toe ons verlede jaar met 'n byeboerdery begin het. Ek (Johan), my seun Josua en pa Kiep Lepen was aangenaam verras oor die nuus uit Engeland!

"Daar was ongeveer 2400 inskrywings vanuit 90 lande. In geloof het ek en my vrou, Liesl, drie potjies heuning verpak en Engeland toe gestuur, met die hoop dat dit daar sal aankom, ontvang en ook uitgestal sal word.

"Op 27 Oktober 2023 was die vreugde groot en oorweldigend toe ons die resultate ontvang het.

"Uit 39 inskrywings in die klas 9-katagorie het ons heuning meegeding met uitskrywings uit lande soos Suid-Afrika, Chili en Oman, om 'n paar te noem.

"Ons Namibiese heuning het 'n allemuntige tweede plek behaal! Ek kon dit nie glo nie. Dit het so onwerklik gevoel. Alle eer aan ons Hemelse Vader, want sonder Hom sou dit nie gebeur het nie," sê Johan.

### Onverwags

Ietwat onverwags het Kiep verlede jaar die voorstel gemaak dat die familie 'n byeboerkursus moet bywoon. Daarna is een korf gekoop en voorlopig onder die lapa op die plaas neergesit.

"Min het ek besef dat die beskutting onder die lapa baie gunstig vir heuningbye is. Sommer gou-gou het die eerste swerm bye hulle in die korf kom tuismaak.

"So het die een swerm na die ander gevolg, kort op mekaar," vertel Johan.

Die Lepen-familie se plaas is suid van die Klein Waterberg. Dit huisves 'n doringboom savanna-veldtipe, oorwegend gekenmerk deur Swarthaakbosse, Baster-kameeldoring-, Kameeldoring-, Witgat-, Appelblaar- en Oumabome asook struike soos Rosyntjie-, Brosdoring-, Gaba-, Trassie-, Granaat-, Voeter- en Perdebos.

Die Lepens het begin Mei vanjaar hul eerste heuning geoes en deelgeneem aan die Byeboerderyvereniging van Namibië (BAN) se heuning-proe-geleentheid. Hulle is toe aangemoedig om vir die geleentheid in Engeland in te skryf, en die res is geskiedenis.

"Mag ons aanhou om van en oor bye te leer. Veral oor die belangrike rol wat hulle in die natuur speel. Ek vertrou dat mense deur hierdie artikel bemoedig sal word om met bye te boer en hulle goed te versorg, want hulle sorg ook vir ons.

"Bye is 'n geskenk aan ons van die Hemelse Skepper!"








# Staying home this holiday? No problem!


Waterberg Plateau Park


Crocodile Farm


Hoba Meteorite


Guinas Lake

**Museums, national parks, lakes, meteorites, camping, swimming and wildlife – you will be surprised at everything that can keep you busy in the 067-valley, even if you can't go on holiday elsewhere.**

## Much to do and see in the 067-valley!

### Lakes

Lake Guinas is a permanent natural lake which is located on the D3031 gravel road between Otavi and Tsumeb. The lake was formed many years ago after a Karst cave collapsed.

Tilapia guinasana (also referred to as "Otjikoto Tilapia") is a critically endangered species of cichlid fish that is naturally only found in Lake Guinas. There is no entrance fee to enter the lake. Cars can be parked at the top of the lake. The lake is situated on private farmland but can be visited with the permission of the owner.

Closeby is also Lake Otjikoto - when travelling on the B1 from Tsumeb towards the Etosha National Park.

Otjikoto means deep hole. This lake still bears a large quantity of arms and ammunition, left by the German soldiers around 1915.

### Crocodile farm

Otjiwarongo is well known for its crocodile farm, where you can have a look at crocodiles and even eat some crocodile meat at the restaurant.

Every Saturday during the summer months, from September to May at 11:00 AM sharp, the breeding herd is fed.

From mid-December until the end of January the crocodile eggs hatch, and if you're lucky, you might be around to witness this extraordinary occurrence.

A entrance fee is payable to look at the crocodiles.

### Waterberg

Waterberg Plateau Park is situated 68 kilometres south-east of Otjiwarongo.

Rich in history, it was declared a national monument in 1965 and a nature reserve in 1972.

The park is ecologically diverse and has over 200 different species of bird as well as various other wildlife species.

Geologically, the oldest rock stratum is over 850 million years old and dinosaur tracks were left there some 200 million years ago.

It is also the home to San rock paintings and engravings.

### Etosha

Altough the Etosha National Park needs no introduction, we know there is abundant wildlife, giving you almost guaranteed game sightings.

It is unique in that its salt pan is so large it can be seen from space. It is believed that it was formed over 100 million years ago and is 130 km's long and up to 50 km's wide in certain places.

### Hoba

Just over 20km west of Grootfontein, travellers come across the world's largest single meteorite, the 200- to 400-million-year-old Hoba meteorite, which landed on the Hoba West Farm about 80 000 years ago.

A report by the farmer Jacobus Hermanus Brits of him discovering the meteorite while ploughing was published in 1920 and can also be found at the Grootfontein Museum, Namibia.

### Museums

Tsumeb and Grootfontein has some well-maintained museums to visit, with Tsumeb's latest Mineralogic & Mining Museum at the Old Ongopolo Mine Complex, which is worth your while. You can also visit the Museum of Namibian Fashion in Otjiwarongo.

# Calender of events

Want to advertise your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




### 25 November 2023

Tsumeb Motorclub National Leg 6 Dirt Oval Racing.

### 2 December 2023

Karstveld Academy Christmas Market.

### 15 - 16 December 2023

Veldduin Geloftefees 2023 met perdesport, boeresport, jukskei. Erediens om 09:00, 16 Des.

### 14 - 17 December 2023

Chahanic Equestrian Center presents Extreme Safari Horse Adventure Camp. Young riders only.
Explore bushmanland on horseback.













**Enjoying the read?**
This publication reaches up to:
- *20 000 on Facebook*
- *50 000 readers by e-mail*
- *1 000 in print*

Advertise with us! oh!sixseven central northern areas
067triangle@gmail.com 081 737 3235
Advertise with us!